

Exhibit A.

2774/96 SF

# ALGEMENE AGTERGROND

TOT

# AMNESTIE-AANSOEKE

## **ALGEMENE AGTERGROND TOT AMNESTIE- AANSOEKE**

---

### **TERSAAKLIKE GETUIENIS:**

Die Amnestiekomitee word versoek om die volgende voorleggings en/of getuienis wat reeds deur die oorspronklike Amnestiekomitee ontvang is, in ag te neem by die beoordeling van die onderhawige aansoek(e), behalwe in soverre as wat die getuienis anders mag aandui:

1. Voorlegging van die Stigting Vir Gelykheid Voor Die Reg-  
**Bewysstuk P-45**, (soos vervat in Herman Stadler - “The Other Side of the Story”);
2. Voorlegging van Generaal J V van der Merwe -  
**Bewysstuk P-46**;
3. Verklaring Van Oud-Kommissaris van die SAP -  
**Bewysstuk P-47**;
4. **Getuienis van Generaal J V van der Merwe, gelewer:**
  - a) Op 21 Oktober 1996 in die amnestieverhore van Jan **Hattingh Cronje** en vier ander;
  - b) Op 27 Februarie 1997 in die amnestieverhore van Jan **Hattingh Cronje** en vier ander;
  - c) In die Amnestieverhoor ten aansien van **Stanza Bopape**.
5. **Getuienis van Generaal J V van der Merwe en mnr Adriaan**

**Johannes Vlok, gelewer:**

In die Amnestieverhoor ten aansien van **Cosatu**  
**Huis/Khotso Huis en Cry Freedom.**

6. Die Amnestie-uitsprake in die amnestie-aansoeke van:

**Jan Hattingh Cronje (No. 2773/96),**  
**Roelof Jacobus Venter (No. 2774/96),**  
**Willem Wouter Mentz (No. 2775/96),**  
**Jacques Hechter (No 2776) en**  
**Paul Jacobus Jansen van Vuuren (No. 2777) .**

7. Die Amnestie-uitsprake in die Amnestie-aansoeke met  
betrekking tot:

**Khotso-huis;**  
**Kondile.**

## **AGTERGROND EN DIMENSIES VAN DIE STRYD VAN DIE VERLEDE:**

6. Die uitsprake van die oorspronklike Amnestiekomitee waarna hierbo verwys is, ten aansien van die algemene agtergrond van polisiemanne gedurende die stryd van die verlede, word geïnkorporeer in die aansoeke van elk van die Applikante. Daar word spesifiek verwys na die opmerkings wat deur die Amnestiekomitee gemaak is in die-

### **Amnestie-uitspraak van Brig J H Cronje, p.2:**

*p.2.: "Almost all policemen giving evidence before the Amnesty Committee referred to their background .....Almost all policemen appearing before us joined the police force after the National Party became the government of South Africa in 1948 and implemented the apartheid policy. They were brought up under*

*this doctrine which was supported by schools and all the Afrikaans churches. There was rarely any voice in the circles they moved in, condemning the policy. On the contrary the churches proclaimed the policy to be in accordance with the scriptures and even acted against preachers like the Rev. Beyers Naude who spoke out against it. As policemen they were indoctrinated to defend the policy and the government of the day even with their lives should it be necessary. They accepted the legally enforced environment as the accepted and acceptable social structure of the country."*

7. Die aangehaalde passasie gee 'n kort en bondige, maar akkurate opsomming van die posisie waarin die meeste lede van die Veiligheidsmagte hulle gedurende die stryd bevind het, en dit verleen begrip vir die redes en motiverings van die lede van die Veiligheidsmagte se optredes. Hierdie aanhaling is dan ook van toepassing op elk van die Applikante wat lede van die Veiligheidsmagte was onder die vorige staatkundige bedeling.
  
8. Een van die belangrikste elemente van die stryd waarteen polisiemanne geveg het, was die bedreiging van 'n Kommunistiese oornam van die land. In hierdie verband getuig oud-minister Adriaan Vlok voor die Amnestiekomitee-

**Getuienis - Vlok - Khotso-huis/Cosatu-huis amnestie-aansoeke, Rekord, p.50-53**

*"For many years the insight (viewpoint) of many people was, in reality, that there were only two possible political dispensations on the political table in South Africa and that was the policy of the National Party, apartheid, and the policy of the ANC/SACP alliance, that was communism. That was the total political economic policy of communism, Marxism with all the consequences in South Africa.*

*..... Communism/Marxism was totally unacceptable for me and it was the same surely for the*

*greater majority of the Security community and although over the years there was resistance to the policy of apartheid, there was the record of the alternative for the South African context, namely communism which was horrible and it could not be an acceptable alternative. ....and ..... communism was using the ANC/SACP alliance as its surrogate. ....We decided against communism and our struggle against communism was a .....just cause. ....communism .....was stopped by the South African Security community ..... and I have no doubt Chairperson that the South African Security community kept the government in .....(power). This influenced our voters and they contributed to the support of the National Party over the years."*

9. Die vorige regering het dit ten doel gestel om met alle middele tot sy beskikking die rewolusionêre aanslag van die bevrydingsbewegings teen te staan.
10. Vir daardie doel is 'n nasionale netwerk van veiligheidsinstellings geskep en in stand gehou waar veiligheidsinligting ontvang, geïnterpreteer, verwerk en oorweeg is, en optredes beplan en opdragte vir die uitvoering daarvan uitgereik is.
11. In die proses het die veiligheidsmagte, en veral die Veiligheidstak en die Spesiale Taakmag van die SAP, die laaste linie van verdediging geword van die Regering, en aangesien hy die grootste politieke groep in die regering verteenwoordig het, ook die Nasionale Party.
12. Weens die gewysigde Polisiewet, 1958, wat bepaal het dat die SAP verantwoordelik is vir die handhawing van binnelandse veiligheid, saamgelees met die feit dat die belangrikste faktor wat

binnelandse vrede bedreig het gedurende die stryd van die verlede, politiek-geïnspireerde geweld was, het die lede van die Veiligheidstak en die Spesiale Taakmag van die SAP direk betrokke geraak by die politieke geweld en skommeling van die tyd -

**Amnestie-uitspraak van Brig J H Cronje, p.2-4:**

- p.2. *"The Police Act was amended and in terms of Section 5 thereof the police was responsible for internal security.*
- p.3. *Their functions were extended beyond the primary police function of combating crime. A security branch was created with the ultimate task of keeping the government in power to enable them to work out a political solution if and when they could succeed in doing so."*

13. Polisiemanne en -vroue het midde in die stryd teen die rewolusionêre aanslag teen die regering gestaan. Hulle het gedurende hulle loopbane met talle fasette van die gewelddadige politieke rewolusionêre stryd te doen gekry.
14. Die rewolusionêre stryd in Suid-Afrika was gekenmerk deur sluipmoordaanvalle op lede van die Veiligheidsmagte, in die besonder die Suid-Afrikaanse Polisie. Motorbomvoorvalle, landmynvoorvalle, kleefmynvoorvalle en ander geprakseerde ploftoestelle het ook dikwels die lewens van weerlose burgerlikes, swart en wit, geëis.
15. Lede van die Veiligheidstak is blootgestel aan 'n oorlogsituasie deurdat hulle verplig was om deel te neem aan die militêr-politieke konflik en die geweld wat gewissel het van die formaat van 'n guerilla-oorlog in Namibië en Zimbabwe tot terreur en massa-optrede in die RSA. Hierdie blootstelling van die lede van die Veiligheidsmagte het dit noodsaaklik gemaak dat hulle

tradisionele opleiding en werksomskrywing, dramaties aangepas moes word om by die veranderde omstandighede van die politieke oorlog aan te pas-

**Voorlegging van JV van der Merwe - Bewysstuk P-46:**

*“Lede van die Suid-Afrikaanse Polisie is op al die terreine ingespan en die opleiding en aanwending van die Polisie is dienooreenkomstig aangepas. Dit het noodwendig 'n aangrypende versteuring meegebring van die kultuur wat voorheen die grondslag van opleiding en polisiëring gevorm het. Die beginsel van minimum geweld en dat die Polisie se optrede altyd daarop gerig moet wees om die beskuldigde voor die hof te bring, moes noodwendig in die guerillaoorlog vervang word deur die beginsels van konvensionele oorlogvoering.”*

16. By hulle terugkeer van die “bosoerloë” af, was die aanpassing na gewone hofgerigte polisiëring moeilik, en soms selfs onmoontlik, weens die feit dat in die “bosoerlog” van die lede verwag was om op te tree as soldate. Daarbenewens het die intimidasie van getuies deur lede van die vryheidsbewegings, dit algaande al hoe moeiliker gemaak om suksesvolle hofgerigte optrede uit te voer.
17. As ondersteuners van die Nasionale Party, die regering en die SAP, was polisiëmanne en -vroue verplig om onder die moeilikste omstandighede hulle werk te doen-

**Amnestie-uitspraak van Brig J H Cronje, p.2-3:**

*“In the end the conflict ended in a vicious circle - a gruesome attack would lead to gruesome counter measures, which would in turn lead to even more gruesome acts of revenge. This, unfortunately, forms part of our history and the conflicts of the past.”*

18. Die opdragte wat hulle ontvang het, en wat deur sommige van hulle gegee is, is beskou as opdragte wat daarop gemik was om die vyand te stuit, om binnelandse veiligheid te handhaaf en om

die gewelddadige omverwerping van die regering af te weer.

19. Laer orde polisiemanne het dikwels nie geweet waar die opdragte ontstaan het nie. Daar is gevolglik selde aan bevelvoerders gerapporteer na afhandeling van take, veral wanneer die polisieman self die inisiatief geneem het omdat hy geglo het dat dit is wat van hom verwag word, maar sonder 'n direkte opdrag van 'n hoër offisier.
20. Deur hierdie opdragte uit te gee en uit te voer, is deur lede van die SAP gepoog om 'n bydrae te lewer om politieke, ekonomiese en staatkundige stabiliteit vir Suid-Afrika te verseker.
21. Namate die stryd deur die jare ontwikkel het, en namate burgerlikes al hoe meer geteiken is deur die ondersteuners van die vryheidsbewegings, is daar al hoe meer druk op die lede van die Veiligheidsmagte uitgeoefen om die situasie sogenaamd te "normaliseer". In die proses is vele uitsprake, toesprake en voorligtings gehou en gegee om lede van die Veiligheidsmagte te motiveer om meer te probeer doen ten einde die stryd te wen. In sulke toesprake en uitsprake het 'n bepaalde aggressiewe taalgebruik posgevat: "elimineer", "uithaal", "uit die samelewing te verwyder" en soortgelyke taalgebruik het normaal geword in die volksmond. Daar word verwys weer na wat die Amnestiekomitee in Brigadier Cronje se amnestie-uitspraak hieroor te sê gehad het-

**Amnestie-uitspraak van Brig J H Cronje, p.2-3:**

*".....the police were pressured to maintain "law and order", to deal with terrorists and to guarantee the safety of ordinary citizens against incidents such as the Church Street Bomb, The Magoo's Bar Bomb, The St James*



*Church Massacre. the murder of farmers and hundreds of other incidents of terrorism and killings. This pressure did not only come from politicians but also from the business sector, farmers and ordinary citizens. Words such as "eliminate them", "take them out", "pursue them", "pay them back in their own coin" (betaal hulle terug in eie munt). "do to them what they are doing to you" were used. According to the evidence of a number of applicants they understood this to be authorisation to use bombs and hand grenades and in some instances to eliminate or kill certain people."*

22. In die proses het die gewone lede van die Veiligheidsmagte onder die indruk gekom dat van hulle verwag word om die situasie te "normaliseer" en die bedreiging die hoof te bied ten alle koste - ook op onkonvensionele en selfs, in sekere uitsonderingsgevalle, op onwettige wyse-

**AJ Vlok - Cosatu/Khotso House - record, pp.78-83-**

*" I also want to talk about pressure, I would like to give you my perception of this. Langenhoven said in his Skaduwees van Nasaret, and I am only reading the last bit of that, in one way or another, you must maintain authority, **Rome does not expect explanations from you, but results.....**For a lot of years we enforced a lot of pressure on the Security Forces to succeed and to fight the enemy in South Africa. Me as a responsible Minister and all those who preceded me, the State Security Council, the Cabinet, the head of the country, ..... as well as individual Ministers, expected of the Security Forces to control the security problems within the country and to be successful.....*

*.....(Needless) .....to say .....the Security Forces, during the years, were very efficient and our voters liked that. It made us capable over decades to win election after election and to give, to list the successes of our Security Forces to the people. **That is why the whole spirit and atmosphere within the government, the State Security Council, other Cabinet Committees, as well as the Cabinet, they were always directed towards success.***

*Everybody was always happy about ..... successes against revolutionaries and terrorists....."*

23. Daarbenewens was daar 'n persepsie dat die Regering onwettighede gemagtig en gekondoneer het-

**Amnestie-uitspraak van Brig J H Cronje, p.2-3:**

*"The fact that incidents did occur which must have been authorised by officers in higher command or in some instances, were authorised or condoned by politicians like the bombing of Cosatu House and Khotso House, led to a growing perception that the deeds met with the approval of the government. In certain instances members of the security forces were decorated for their actions in combating the total onslaught."*

24. Van Regeringskant is daar 'n omvattende netwerk veiligheidstrukture en bestuursentra geskep wat nie alleen die Veiligheidsmagte nie, maar ook Staatsdepartemente ingesluit het. Riglyne vir optrede teen ondersteuners van die bevrydingsbewegings is deur hierdie strukture neergelê wat die krag van opdragte gehad het. Dit het daartoe aanleiding gegee dat gedink is dat die doel die middele heilig, en het daar 'n grys area ontstaan waarin lede van die Veiligheidsmagte nie meer geweet het wat wettig of onwettig, regmatig of onregmatig was nie-

**Cronje-5 rekord - van der Merwe, p.307:**

*"GEN. V/D MERWE: .....as a result of statements which were made by members of the previous regime as a result of certain limited incidents, where members of the previous regime were involved, which are regarded as illegal under the present circumstances and which amnesty is being applied for, to the .....people who were not directly involved, a perception could have evolved that the act which he committed bore the approval of the government, ....."*

25. In die gemelde omstandighede kan dit nie gesê word dat die lede van die Veiligheidsmagte opgetree het vir persoonlike gewin of uit nydigheid nie. Alles was gedoen ten einde die totale

gewelddadige rewolusionêre aanslag af te weer in optredes wat deur hulle beskou is as deel van hulle pligte, en dat hulle optredes beveel, geoorloof en noodsaaklik was. In hierdie omstandighede het die lede van die veiligheidsmagte geglo dat hulle optrede binne die omvang van hulle uitdruklike of versweë magtiging geval het, en het hulle in ieder geval nie uit 'n persoonlike oogpunt nie, maar in hulle diens as polisiemanne en -vroue opgetree-

**AJ Vlok - Cosatu/Khotso House - record, pp.78-83-**

*“Even if it was misguided, these people (the members of the security forces) did it for us (the politicians) and for the country, and therefore we cannot now distance ourselves from these people.....who did everything, their careers, their families, their friends, they sacrificed all of this for the country,.....*

*..... In the execution of certain commands, offences and irregular acts were committed by the members of the Security Forces. With regard to the instances we are dealing with now, I want to say with all respect, that **all the members acted in a command sense and they only did what was part of their duties.***

*.....Chairperson, in their eagerness to stop the plans of the enemy and to protect the government, offences were committed by the Security Forces. It was not done out of malice, or for own benefit. But it was an honest and a genuine attempt to act in the interest of our country and the government and the public.”*

26. Omstandighede en die faktore hierbo na verwys, het daartoe aanleiding gegee dat lede van die Veiligheidstak al hoe meer verplig gevoel het om in sekere gevalle take te verrig wat buite die bestek van die reg geval het, maar wat hulle as hulle plig beskou het.
27. Ondanks die haglike toedrag van sake wat tydens die stryd geheers het, het die Veiligheidsmagte daarin geslaag om die

pogings deur die bevrydingsbewegings om algehele anargie te skep, aan bande te lê.

28. Hierdie suksesse was tot 'n groot mate te danke aan die suksesvolle bestryding van die aktiwiteite in en vanuit die RSA se buurstate, soos Botswana, Swaziland, Mosambiek en Lesotho.
29. Deur die optrede van die Veiligheidsmagte, veral die Veiligheidstak en die Spesiale Taakmag van die SAP, is die regering in stand gehou, totale anargie en wetteloosheid beveg, en is verhoed dat 'n toestand van onregeerbaarheid geskep is.
30. Terselfdertyd is baie lewens, wat die lewens van weerlose burgerlikes insluit, hierdeur beskerm.
31. Om hierdie vlak van doeltreffendheid te handhaaf, moes lede van die Veiligheidstak lang ure onder uiters moeilike omstandighede werk. Hulle was daaglik aan alle vorms van geweld blootgestel en het ondanks die feit dat daar bykans bomenslike eise aan hulle gestel is, hulle taak met onvermoeide ywer en toewyding verrig.
32. Die lede van die Veiligheidstak was volstrek lojaal teenoor die Regering en die take wat hulle verrig het, het hulle verrig in die loop van hulle diens, en met die bona fide voorneme om die aanslag van die bevrydingsbewegings om die land in anargie te dompel en die regering met geweld oor te neem, te stuit.
33. Hulle was verplig om die pligte soos uiteengesit in Artikel 5 van die Polisiewet, 7 van 1958, uit te voer. Daardie pligte het spesifiek

behels die handhawing van wet en orde en die bewaring van binnelandse veiligheid en stabiliteit.

34. Hulle het *bona fide* geglo dat hulle optrede noodsaaklik was om die binnelandse veiligheid te bewaar en die openbare orde te handhaaf en geweld aan bande te lê.
35. Die handeling en versuime waarvoor amnestie gevra word, het gevolglik in verband gestaan met die Applikante se pligte as polisieman en het binne hulle uitdruklike of versweë bevoegdhede as polisiemanne en -vroue, geval.

#### **DIE AARD EN OMVANG VAN DIE STRYD VAN DIE VERLEDE:**

36. In hierdie verband word verwys na die getuienis van generaal J V van der Merwe op 21 Oktober 1996 en 27 Februarie 1997 in die amnestie-aansoeke van Brig J H Cronje en 4 ander, asook die inhoud van **Bewysstuk P-46**, waar daar 'n redelik volledige uiteensetting gegee word aangaande die stryd van die verlede en die posisie waarin die lede van die Veiligheidstak van die SAP hulle daartydens bevind het.
37. Die ANC/SAKP-Alliansie het op **16 Desember 1961** oorlog verklaar deur die aanvang van sy gewapende stryd aan te kondig.
38. Sedert die aankondiging is daar onmiddellik 'n aanvang geneem om politieke druk op die regering te plaas deur aanvalle op strategiese- en regeringstrukture.

39. Voormelde optrede en die beplanning daarvan het in 1964 uitgeloop op die Rivonia-verhoor in die Pretoriase Hooggeregshof, waarin onder andere mnre. Nelson Mandela en Walther Sisulu lewenslange tronkstraf opgelê is.
40. Gedurende die sestiger jare het gewapende invalle in Zimbabwe en Namibië plaasgevind waar Polisiemanne gestuur is om die aanvalle af te weer. Die strategiese doelwit van hierdie "Campaigns" is soos volg deur die ANC aan die WVK geskets-

**FURTHER SUBMISSIONS AND RESPONSES BY THE  
AFRICAN NATIONAL CONGRESS TO QUESTIONS RAISED  
BY THE COMMISSION FOR TRUTH AND RECONCILIATION  
12 MAY 1997:**

*"In the years following the Rivonia arrests the ANC built up a force in some of the liberated countries in Africa. It was decided to launch a joint campaign (later known as the Wankie campaign) with ZIPRA in Zimbabwe in 1967/8. This operation was aimed at infiltrating trained MK operatives into South Africa in line with the concept of rural-based guerilla warfare. However, some of the operatives were forced to move into Botswana and others had to withdraw to Zambia after considerable difficulties were encountered, particularly the lack of bases among the population. A group of cadres, including Chris Hani, were captured in Botswana and served prison sentences there."*

41. Die stryd wat deur die Veiligheidsmagte, in die besonder die Veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisie, gevoer moes word, en die aanslag wat deur hulle afgeweer moes word, was veel-dimensioneel van aard en het uit politieke, ekonomiese, maatskaplike en geestelike dimensies bestaan.
42. Die ANC/SAKP-alliansie het hulle rewolusionêre oorlog op vier pilare gevestig, te wete:
- a) die gewapende stryd deur Umkhonto-we-Sizwe

- b) die mobilisasie van die massas
  - c) die ondergrondse strukture van die ANC
  - d) die internasionale aanslag om die RSA te isoleer.
43. Die stryd het veral gedurende die middel tagtigerjare momentum gekry toe die ANC/SAKP-alliansie alles in die stryd gewerp het om die politieke mag oor te neem. Om die oogmerk te bereik het die ANC/SAKP-alliansie hom daarop toegespits om 'n "Peoples War" te ontketen wat hulle soos volg omskryf het:
- ".....a war in which the entire nation is engaged, Umkhonto-we-Sizwe, the People's Army, workers, the rural masses, women, intellectuals, the religious community selectively in groups or as organised individuals, who use all forms of revolutionary warfare, armed or non-combat, legal and illegal means to attack and destroy all symbols, structures and organs of apartheid-power, including all those who man them ..."*
- (Verklaring gedurende 1980 soos uitgereik deur die Sentrale Komitee van die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party getiteld: **"Forward to People's Power - The Challenge ahead"** ).
44. In sy poging om 'n gewelddadige politieke magsoornamete te bewerkstellig, het die ANC/SAKP-alliansie hom al hoe meer daarop toegespits om massadeelname aan die gewelddadige stryd te bevorder.
45. Die Veiligheidstak, as die laaste verdedigingslinie, was nie altyd in staat om die aanslag met gewone polisiëringsmetodes die hoof te bied nie, en het dit gebeur dat in sekere gevalle, onwettig opgetree is.
46. Soos die Amnestiekomitee dan ook bevind het in die amnestie-

uitspraak van Brig J H Cronje, het daar in die RSA 'n onverklaarde oorlogssituasie ontstaan. Dit was 'n oorlog wat binnelands deur die Lede van die Veiligheidspolisie geveg moes word. Die oorspronklike Amnestiekomitee het dan ook oor die stryd van die verlede in die RSA en die posisie waarin die Veiligheidstak se lede hulle bevind het in daardie stryd, hulle bevinding gemaak in -

**Amnestie-uitspraak van Brig J H Cronje, p.2-4:**

p.3.: *"The Defence force was used against the forces representing Black Nationalism at first in operations outside the borders of the country, but later even internally. It escalated into a full scale war although never a declared war. The fact that it was not a declared war against an external enemy, caused the government to involve the police force to act against their co-citizens. The Police Act was amended and in terms of Section 5 thereof the police was responsible for internal security. Their functions were extended beyond the primary police function of combating crime. A security branch was created with the ultimate task of keeping the government in power to enable them to work out a political solution if and when they could succeed in doing so. Policemen were sent to Zimbabwe and Namibia where they were engaged in battles. They did the work of soldiers, became involved in killing contrary to the normal police function of keeping the peace and combating crime in accordance with the ordinary and customary laws applicable to police forces generally. Violence escalated since 1976 and during the 1980's a full scale revolutionary war developed in South Africa. It became the primary task of the police, and more specifically the Security Police, to counter what was then seen as a total onslaught by the liberation forces. According to the evidence before the committee the police found it impossible to counter the onslaught by using the customary policing methods. An espionage network was set up, the liberation movements were infiltrated, informers were used, so-called terrorists were captured and turned into informers or even became members of the security police as so-called Askaris.*



***The security police were seen to be, and in fact were, the thin line standing between the government of the day, keeping them in power, and the ANC and other liberation forces intent on grasping power through a successful revolution.***

*The liberation forces declared policemen to be legitimate targets for killing. As a result thereof, according to Genl. Van der Merwe's evidence 998 policemen were killed in more than 6000 attacks on policemen during those years of conflict. Apart from that, 505 people, who were seen as collaborators of the police, were killed by using the necklace method while a further 710 were burnt to death. A number of deaths were caused after the victims were forced to drinking spirits or petrol and were then set alight. This, among other things, had the result that few witnesses were prepared to give evidence against any activist apprehended.*

*p.4.: Activists who had been arrested and detained without trial under the emergency regulations and section 29 of the (Internal) Security Act, became heroes once they were released. It also became more difficult to extract information from detainees because of the growing support for the struggle and the fear of what may happen to them if on release they were branded as informers or "impimpis".*

47. Al die insidente waarvoor om amnestie gevra word, het in die hitte van hierdie politieke, geweldadige konflik plaasgevind.
48. Die gewapende stryd deur Umkhonto We Sizwe is gevoer deur en met persone wat in die buiteland opgelei is en daarna die RSA binnegesypel het en met wapentuig wat uit die buiteland ingesmokkel is deur gebruikmaking van die grondgebied van die RSA se buurstate.
49. Die ANC/SAKP-Alliansie het hom al hoe meer op sagte teikens begin toespits waar burgerlikes in die slag gebly het. 'n Mens dink hier aan die Kerkstraatbomvoorval in 1983, waartydens 19 persone gedood en meer as 200 beseer is, waarvan die

meerderheid burgerlikes was. Die koelbloedige en wrede wyse waarop hierdie voorval plaasgevind het, het lede van die SAP en 'n groot gedeelte van die bevolking met walging en weersin vervul.

50. Gedurende 1984 tot 1988 het talle bomvoorvalle regoor die land plaasgevind waartydens burgerlikes beseer en gedood is. In hierdie verband word verwys na uittreksels uit ANC/SAKP literatuur, waarna die Komitee verwys sal word.

#### **DIE POSISIE VAN DIE APPLIKANTE IN HIERDIE STRYD:**

##### **POLITIEKE AGTERGROND EN MOTIVERING:**

51. Polisiemanne en -vroue het 'n Eed van getrouheid aan die Staat en die Regering afgelê. Daardie Eed het hulle verplig tot beskerming en instandhouding van die vorige regering en staatkundige bestel en om te voorkom dat die gemeenskap as gevolg van intimidasie en vrees vertroue in die regering verloor.
52. Hulle het dit as hulle plig as polisiemanne beskou om die gewelddadige aanslag van die bevrydingsbewegings en hulle ondersteuners om die vorige regering met geweld omver te werp en die staatkundige bestel te vernietig, met alle mag te bestry.
53. Ten einde die bedrywighede van die bevrydingsbewegings teen te werk, was polisiemanne verplig om te voorkom dat die ANC/SAKP-Alliansie, en ander organisasies wat die regering met geweld omver wou werp, hulle politieke magsbasis vergroot.

54. Aan albei kante van die stryd van die verlede was daar strydendes wat die situasie geërf het en nie self veroorsaak het nie. Sodoende was lede van die Veiligheidsmagte deur omstandighede gedwing om dinge te doen wat hulle andersins nooit sou oorweeg het nie.
55. Die Applikante se aansoeke om amnestie moet beoordeel word teen die agtergrond van hulle opvoeding, oortuigings, 'n wrede en genadelose stryd wat geheers het, en proporsioneel tot die oogmerk om landsburgers te beskerm en die Staatsbestel in stand te hou en die eerlike bedoeling om hulle pligte as Polisieman na te kom.
56. Teen bogemelde agtergrond en volgens hulle oortuiging, het die Applikant(e) *bona fide* geglo dat die handeling waaraan hulle deelgeneem het in die loop van hulle diens gedoen is, dat ingevolge bestaande wetgewing, uitsprake, opdragte en beskouinge, dit eties korrek en moreel regverdigbaar was en geval het binne die omvang van hulle magtiging..

**DIE ROL WAT DIE RSA SE BUURLANDE GESPEEL HET IN DIE STRYD:**

57. Die ANC/SAKP-Alliansie het gevolglik grootliks van die RSA se buurlande gebruik gemaak om as afspringplek te dien vir die voortsetting van die rewolusionêre in die RSA.
58. 'n Verdere gevolg van hierdie optrede deur die bevrydingsbewegings vanuit die RSA se buurlande word in die

volgende beklemtoon-

**Voorlegging van JV van der Merwe - Bewysstuk P-46:**

*"Die feit dat MK-lede in aangrensende gebiede en ander Afrika-lande geskuil het vanwaar hulle toegeslaan het, het oorgrensoptrede noodsaaklik gemaak. 'n Teenrewolusie is op die been gebring wat uit lede van die Nasionale Intelligensiediens, Polisie en Weermag bestaan het en wie se taak dit was om om inligting wat op die rewolusionêre stryd betrekking het, te evalueer en te koördineer en teikens in die buiteland te identifiseer met die oog op uitwissing. Aanvalle deur MK-lede in die RSA is in sekere gevalle deur oorgrensoptrede gevolg."*

59. Daar het geen geskrewe of amptelike geformuleerde beleid omtrent optrede teen terroriste in buurstate bestaan nie.
60. Vanweë die bedreiging wat terroriste-basisse in buurstate of terroriste wat deur buurstate onderweg was na die RSA vir die binnelandse veiligheid ingehou het, het daar 'n gebruik ontwikkel waar lede van die Veiligheidsmagte, insonderheid die Spesiale Magte Van Die Weermag en die Veiligheidstak van die SAP, van tyd tot tyd op koverte wyse teen terroriste in buurstate opgetree het.
61. Hierdie praktyk het onder andere ook voortgespruit uit Regeringsbeleid wat in Suidwes-Afrika, nou Namibië, en Rhodesië, ZIMBABWE, gegeld het, waar lede van die Weermag en die Polisie op dieselfde wyse teen terroriste opgetree het soos wat normaalweg in 'n konvensionele oorlog geskied.
62. Om te verseker dat optredes van hierdie aard deur onderskeidelik lede van Spesiale Magte of die Veiligheidstak vir sover as wat dit moontlik is, gekoördineer word, is 'n Teen Rewolusionêre

Inligtingtaakspan (TREWITS) op die been gebring. Die taak van TREWITS was onder andere om teikens in buurstate te identifiseer en volledige inligting daaromtrent in te win met die oog op uitwissing daarvan.

63. Die Minister van Wet en Orde, voorheen Polisie, is by geleentheid mondelings aangaande optredes in buurstate ingelig. Daar het ook gevalle voorgekom waar medaljes vir dapperheid met goedkeuring van die Minister aan lede wat by sodanige optredes in die buurstate betrokke was, toegeken is.
  
64. Ondanks die feit dat optrede teen terroriste in buurstate in die meeste gevalle in die geheim geskied het, was die lede van die Inligtingsgemeenskap, d.w.s. Nasionale Intelligensie, Militêre Inligting en die Veiligheidsraad, gewoonlik bewus daarvan dat lede van die Veiligheidsmagte van die RSA sodanige optrede geloods het.

**BOTSWANA:**

65. Dit was die kennis en ondervinding van lede van die Veiligheidsgemeenskap dat Botswana sedert ongeveer 1977 vir die ANC/SAKP-Alliansie 'n al hoe belangriker rol gespeel het wat betref hulle organisasie, strategie, beplanning en voorsiening van wapentuig en menslike hulpbronne vir die rewolusionêre stryd in die RSA.
66. Mnr Marius Schoon het in ongeveer 1977 na Botswana uitgewyk na sy vrylating uit die gevangenis, nadat hy 12 jaar gevangenisstraf onder die Wet op Sabotasie uitgedien het.
67. Dit is onteenseglik so dat Marius Schoon vir die ANC/SAKP-Alliansie 'n belangrike funksie in Botswana vervul het. Onder andere het hy daarin geslaag om 'n **gesofistikeerde netwerk van infiltrasieroetes en logistieke ondersteuning** op die been te bring tussen Botswana en die RSA.
68. Reeds vanaf 1977 was daar aanduidings dat wapens, ammunisie en plofstof onwettiglik die RSA binnegekom het vanaf Botswana, en dat terroriste deur Botswana die Republiek verlaat en binnegekom het.
69. Teen 1983 was die aktiwiteite van die ANC/SAKP-Alliansie in en vanuit Botswana reeds baie gevorderd. Teen hierdie tyd het informante van die Veiligheidstak die ANC-strukture in Botswana gepenetreer en is groot hoeveelhede wapens, ammunisie en

plofstowwe vir die ANC na die RSA gesmokkel.

70. Lede wat vir MK in die RSA gewerf is, is onder andere in Angola, Oos-Duitsland en Rusland opgelei. Volgens inligting, het hulle transitokampe, vlugtelingkampe, wapen- en ammunisiestapelpunte, plekke waar huisvesting en logistieke, finansiële en ander steun verskaf is, sowel as militêre opleidingsentra in Zambië, Mosambiek, Lesotho, Swaziland en Botswana gevestig.
71. Namate die oorlog voortgesloer het, het Botswana al hoe groter belangrikheid verwerf wat betref-
- a) die instandhouding van uit- en insypelingsroetes vanaf die RSA;
  - b) die ondersteuning en hulpverlening aan persone wat die RSA verlaat het om in die buiteland militêre opleiding te ontvang;
  - c) die hulpverlening aan terugkerende, opgeleide terroriste;
  - d) die insmokkel van wapentuig, ammunisie en plofstof na die RSA.
72. Na voltooiing van hulle opleiding in die gemelde lande, het opgeleide terroriste as lede van MK die RSA binnegesypel waar hulle dade van terreur gepleeg het. Ofskoon Swaziland ook as deurgangstroete gebruik is, het MK gedurende 1986 en 1987 hoofsaaklik van Botswana gebruik gemaak. Wapens en plofstowwe is in Botswana geberg en daarvandaan na die RSA gebring waar dit vir terreuraanvalle gebruik is. Goeie voorbeelde hiervan is die feit dat **Robert McBride** en **Gordon Webster**

plofstof wat deur hulle gebruik is, vanaf Botswana verkry het.

73. Probleme wat vanuit Botswana ontstaan het, het veral te make gehad met die hoë aktiwiteitsvlak van bekende ANC/MK aktiviste wat periodiek gewissel het tussen persone soos Lambert Moloi, Johannes Mnisi, Lester Dumakude, Lekoto Pule en ander in Botswana.



**SWAZILAND/MOSAMBIEK:**

74. By 'n beraad wat te Simonstad teen ongeveer die einde van 1980/begin van 1981, gehou is waarby alle lede van die Veiligheidsgemeenskap betrokke was, is onder andere besluit dat inligtingsinsameling en optredes in Swaziland onder die Veiligheidstak van die SAP sou val. Aangesien die SAP nie wetlik gemagtig was om in Swaziland op te tree nie, en die besluit te Simonstad nie statutêre regsrag gehad het nie, het dit beteken dat die SAP wanneer hulle in Swaziland opgetree het, *per se* onwettig opgetree het.
75. Die besluit van die Simonstadberaad het die gedagte bevorder dat die SAW nie in Swaziland sou optree nie, gesien die koning van Swaziland (Subusa) se afkeur aan enige militêre optrede deur die SAW in Swaziland.
76. Gedurende 1982 is daar 'n verstandhouding bereik tussen die Swazi regering en die regering van die RSA wat 'n grondslag daargestel het vir optredes deur die Veiligheidstak in Swaziland. Hierdie verstandhouding was waarskynlik 'n stap om gestalte te gee aan die besluit van Simonstad, ten einde vir sover moontlik, optrede van die Veiligheidstak te magtig.
77. Alhoewel hierdie verstandhouding nie die regsrag van 'n amptelike interstaatlike traktaat bevat het nie, het dit die insameling van inligting, die monitering van persone en selfs sekere optredes van die Veiligheidstak in Swaziland tot 'n mate

veroorloof, solank geen Swazi burgers as gevolg van enige optrede van die Veiligheidstak geraak of benadeel sou word nie, en die Swazi regering nie in 'n verleentheid gestel word nie.

78. Die Swazi regering sou, en het, in ooreenstemming met die verstandhouding, geen militêre aktiwiteite van die ANC/SAKP-Alliansie op sy grondgebied toegelaat nie, en het inderdaad die ondersteuners van die ANC/SAKP wat hulle aan militêre aktiwiteite in Swaziland skuldig gemaak het, gearresteer en gedeporteer.
79. Daar is maandelikse samesprekings gevoer tussen verteenwoordigers van die Veiligheidstak, die Departement van Buitelandse Sake en die Teeninsurgensie-eenheid van die SAP, met verteenwoordigers van die Swazi regering, waartydens aangeleenthede van wedersydse belang bespreek is.
80. Daar is geen duidelikheid oor hoe die besluite van die Simonstadberaad en die gemelde verstandhouding met die Swazi regering, aan lede van die Veiligheidstak oorgedra is nie, maar die persepsie het vry algemeen by lede van die Veiligheidstak geheers dat hulle "geregtig" was om in Swaziland op te tree.
81. In 1984 is die Nkomativerdrag tussen die RSA en Mosambiek gesluit wat in wese 'n nie-aanvalsverdrag was, deurdat die Mosambiekse regering onder andere onderneem het om nie sy grondgebied te laat gebruik as 'n afspringplek vir infiltrasie na, en pleging van terreurdade in, die RSA nie.

82. Dit was die kennis van lede van die Veiligheidstak dat:
- a) daar afwisselend en om die beurt vanaf Mosambiek deur en in Swaziland, en in Swaziland self, 'n aktiewe rol vervul was deur hoë profiel MK lede in die beplanning en tenuitvoerlegging van geweld in die RSA deur onder andere bevelvoerders soos Thami Zulu, Phila Portia Ndwandwe, Charles Ndaba, Joe Modise, Aboobaker Ismael (MK Rashid), Johannes Mnisi, MK "Brown", MK "George" en andere;
  - b) daar oorlogswapentuig deur en vanaf Swaziland na die RSA gesmokkel is;
  - c) daar deur Swaziland 'n groot hoeveelheid terroriste die RSA verlaat en nadat hulle militêre opleiding ontvang het, na die RSA teruggekeer het;
  - d) militêre opleiding in Swaziland verskaf is aan ondersteuners van die ANC/SAKP-Alliansie;
  - e) daar 'n uitgebreide netwerk van veilige huise en ander fasiliteite bestaan het waarmee terroriste ondersteun is;
  - f) daar aan sodanige persone geldelike en logistieke steun verskaf is.
83. Reeds teen die einde van 1982 het diepdekkingsagente en beriggewers daarin geslaag om Umkhonto We Sizwe (MK) in

Swaziland te infiltreer. Inligting wat op hierdie wyse bekom is, het daarop gedui dat:

- a) MK-groeperinge in Swaziland onder bevel en beheer van die "Transvaal Military Machinery" en die "Natal Military Machinery" funksioneer;
- b) Die "machineries" 'n totale terreuraanslag in die RSA beplan het;
- c) Buitelandse militêr-opgeleide terroriste na die RSA geïnfiltreer het om die volgende doelwitte te bereik:
  - aa) Vestiging van koverte militêre basisse en selstrukture.
  - bb) Werwing van aktiviste om in die buiteland militêre opleiding te ondergaan;
  - cc) Werwing van kontakpersone vir interne en eksterne (buiteland) aanwending;
  - dd) Die inbring en berging van oorlogswapentuig in die RSA in stapelpunte (DLB's);
  - ee) Die binnelandse opleiding van gewerfde lede vir doel van die uitvoer van terreurdade;
  - ff) Die identifisering en verkenning van die volgende teikens:
    - Veiligheidsmaglede
    - SAP kantore en eenhede
    - Strategiese punte (kragstasies, spoorwegstasies, petroldepot's ens.)
    - Beriggewers en inligtingsnetwerke

- Sogenaamde "sellouts"

gg) Die uitvoer van aanvalle op gemelde teikens.

84. Die Veiligheidstak was op hoogte van wie ANC operateurs was en wat hulle voornemens was. Deur middel van goed geplaasde beriggewers het hulle dikwels inligting ontvang van die terroriste en wapentuig wat die RSA sou binnekom en die roete waarlangs hulle dit sou doen, sowel as die ligging van DLB's, veilige huise, kontakpersone, ens., waardeur hulle in staat gestel is om voorkomend op te tree.
85. Swaziland het 'n belangrike rol gespeel in die uitvoering van die ANC/SAKP-Alliansie se "Operation Butterfly" en "Operasie Vula".
86. In Swaziland is sekere strukture deur die ANC/SAKP-Alliansie tot stand gebring en bedryf. So was daar 'n RPMC ("Regional Politico Military Committees"), waaronder die sogenaamde "Political Committee" en 'n "Military Committee" gefunksioneer het.
87. Die ANC het in hulle voorleggings aan die WVK die volgende inligting verskaf aangaande die ANC/SAKP-Alliansie se infrastruktuur in Swaziland:

*"5.8. Regional Politico-Military Councils 1983 - 1985  
5.8.1. Maputo RPMC/ Co-ordinating Mechanism in Swaziland, 1983 - 1985 (included Mozambique, Swaziland and Zimbabwe before 1985) Joe Slovo, Jacob Zuma, "Lennox" Tshali, Bogart Soze, Sello Motau ("Paul Dikeledi"), Siphwe Nyanda and John Nkadimeng.*

*After the signing of the Nkomati Accord in 1984, the Maputo RPMC was replaced by a co-ordinating mechanism in Swaziland. This was chaired by Ronnie Kasrils (1984), then Ebrahim Ismail Ebrahim (1985 - 86) Other members included Thami Zulu, Sphiwe Nyanda, and a NAT representative.*

*Two regional PMCs reported to the co-ordinating mechanism in Swaziland: the Natal Regional PMC, led by Shadrack Maphumulo, Ivan Pillay, Thami Zulu, Cyril Raymonds ("Fear"), Terence Tryon, and Doris Skosana. the Transvaal Regional PMC, led by Sphiwe Nyanda, Sello Motau ("Paul Dikeledi"), "September", Ntsie Manye and "Archie" (Billy Whitehead)*

*Each of these RPMCs had Military, Political and NAT structures.*

*Politico- Military machineries resorting under this RPMC were as follows:*

*Natal Urban:*

*Led by Ivan Pillay, Thami Zulu, and Terence Tryon*

*Natal Rural:*

*Led by Shadrack Maphumulo and Doris Skosana "*

*(Further Submissions of the ANC to the TRC (12 May 1997), p.48-49)*

en:

*"6.4. Regional Politico-Military Committees (RPMC's), 1985 - 1990*

*6.4.1. Swaziland RPMC, 1985 - 1990:*

*Chair: Ronnie Kasrils (chair, 1984); Ebrahim Ismail Ebrahim, until 1986 when he was abducted; Sphiwe Nyanda (1986 - 87/88); Silumko Sokupa (1988 - 1989)*

*Other members: Sello Motau ("Paul Dikeledi") (1985 -1987); Thami Zulu (1985 -1988); Vusi Mavimbela (1985 - ); Welile Nhlapo (1985 - ) Shadrack Maphumulo (1985 -1987, when he was killed ).*

*These committees resorted under the Swaziland RPMC:*

*Political Committee:*

*"Ivan" chaired the Natal structure*

*Billy Whitehead ("Archie") chaired the Transvaal structure*

*Military Committee:*

*Siphiwe Nyanda headed Transvaal structures*

*Thami Zulu headed Natal structures."*

**(Further Submissions of the ANC to the TRC (12 May 1997), p.53)**

88. Ten einde die bedreiging vanuit Swaziland die hoof te bied, was die Veiligheidstakke van veral die Transvaal en Natal verplig om aksies teen MK-operateurs in Swaziland te loods.

## LESOTHO:

89. Dit was die kennis van lede van die Veiligheidstak dat daar in Lesotho 'n aktiewe rol vervul was deur hoë profiel MK lede in die beplanning en tenuitvoerlegging van gewelddadige aksies in die RSA deur onder andere bevelvoerders soos **Chris Hani** en **andere**;
90. Militêre opleidingsentra het bestaan in Lesotho, waar onder andere Kondile van die Oos-Kaap opleiding ontvang het-

### **Kondile Amnestieverhoor - rekord, p.13**

*"MR DU PLESSIS: In brief, he (Kondile) gave us information regarding training in Lesotho, who was active in Lesotho, several infiltrations that he had knowledge of, that he received training in the handling of weapons himself, as well as political training, that he also came in, in order to do recruitment and to find safe places."*

## INLIGTING EN DIE ROL VAN BERIGGEWERS IN DIE STRYD:

91. Die insameling, evaluasie, verspreiding en optrede in terme van, inligting was die rugsteun van suksesse wat behaal is in die bestryding van die rewolusionêre aanslag.
92. Ten einde inligting te bekom het die Veiligheidsgemeenskap, en in die besonder die Veiligheidstak van die SAP, beriggewers gewin en in diens geneem, sowel as om polisimanne as agente aan te wend.
93. Lede van die Veiligheidstak is getaak tot die werf, opleiding, bestuur, beheer en taking van verskillende kategorieë



inligtingsbronne.

94. Sedert 1982 het die Intelligensie-Eenheid, Soweto, inligting met betrekking tot die rewolusionêre aanslag teen Suid-Afrika wat hoofsaaklik vanuit buurstate georkestreer was, ingesamel. Dit is gedoen deur gebruikmaking van:
- a) RS-lede, Diepdekkingsagente (lede van die SAP).
  - b) Beriggewers (infiltrasie geörienteerd).
  - c) Beriggewers (penetrasie geörienteerd) - Die werf van geskikte inplek beriggewers in die geledere van rewolusionêre groeperinge. (Hierdie metodes is alom bekend as die sogenaamde "kopdraai aksies")
  - d) Geleentheidsberiggewers (korttermyn gerig).
95. Diepdekkingsagente (RS-269 en RS-243) en 'n beriggewer (SWT-66), wat deur lede van die Intelligensie-eenheid, Soweto, gehanteer is, het daarin geslaag om onder andere toegang tot, of inligting van, die volgende te verkry:
- a) Wapentuig reeds na die RSA gekanaliseer en geberg.
  - b) MK-leierselemente in bevel en beheer van gemelde terreurdade en voorgenome optredes.
  - c) Landwye inligting wat daarop dui dat Suid-Afrika op 'n verhoogde MK-militêre offensief (aanslag) afstuur en dat pro-aktiewe polisiëringsaksies verskerp sal moet word.
96. Gedurende gemelde tydperk het die Intelligensie-Eenheid daarin geslaag om verskeie inplek beriggewers te Soweto te identifiseer

en te werf. Hierdie beriggewers was op daardie stadium reeds deel van bestaande MK-ondergrondse selstrukture in die RSA, wat vanuit Swaziland bedryf is.

97. **SWT-66** het gehelp om **RS-243** en **RS-269** by gemelde ondergrondse MK-strukture in Swaziland, te infiltrer.
  98. Dit was uiteraard van die grootste belang om die identiteite van sodanige beriggewers ten alle koste te beskerm, ten einde wraakaanvalle op hulle en hulle gesinne te verhoed.
  99. Soms het hierdie beskerming veroorsaak dat bepaalde ondersteuners van bevrydingsbewegings eerder geëlimineer is as om hulle aan te laat kla of vry te laat, uit vrees vir die bekendmaking van die identiteit van die beriggewer wie se inligting gelei het tot die arrestasie van die ondersteuner.
- 
100. Wanneer amnestie-aansoeke van lede van die Veiligheidsmagte oorweeg word, moet dit in billikheid gedoen word met die volle inaneming van bogenoemde agtergrond.
- 

---

L J L VISSER, SC

---

J WAGENER.